## DIE EERSTE BOMDREIGEMENT

In die laaste jare van die vorige regering was daar verskeie bomontploffings en dreigemente van soortgelyke aanvalle in ons land en ons omgewing. Dit was tye van groot spanning, veral by 'nskool waar soveel lewens deur so iets bedreig kon word. En toe gebeur dit ...

Dit was die matrieks se laaste skooldag en almal se ouers is uitgenooi na die afskeidsbyeenkoms in die saal. Die straat voor die skool was bedrywig met ouers wat aankom en die leerlinge was reeds besig om die saal binne te gaan.

Skielik kom Betjie, wat jare lank die skool met liefde bedien het as skoonmaker en teemaker, na my en sê met 'n bekommerde gesig: "Meneer, ek weet nie van daardie motor wat voor die skool tussen die twee hekke staan nie." Toe ek haar uitvra, sê sy dat daardie motor, met 'n Kuilsrivier-nommer, vroeër die oggend voor die skool heen en weer gery het. Die bestuurder het 'n baard gehad en baie na die skool gekyk.

Allerhande spoke het in my gedagtes begin loop en ek het dadelik die polisie gebel. Hulle was gou op die toneel, met 'n hond wat opgelei was om plofstowwe uit te ruik. Baie gou ook was 'n opgewonde sersant by my met die opdrag dat al die personeellede en leerlinge op die rugbyveld moes byeenkom en alle ouers moes in die saal skuil. Alle voordeure, ook die van die saal, moes toe wees. Daar was waarskynlik 'n bom in die betrokke motor! Die straat voor die skool is ook afgesper.

Ons het gelukkig gereeld ontruimingsoefeninge gehad; dus was leerlinge, personeellede, sekretaresses en skoonmakers baie gou op die rugbyveld en ek en die ouers in die saal. Daar is angstig gewag op terugvoer van die polisie.

En toe dawer die plofslag dat die vensterrame ratel. Ek het werklik nie geweet wat om volgende te doen nie en het maar net die ouers in die saal probeer rustig hou, gesê dat hul kinders veilig was en so aan.

Toe kom die verleë polisiesersant die saal binne en verklaar alles veilig. Vir my het hy eenkant geroep en verduidelik wat gebeur het. Toe die hond aandui dat daar moontlik 'n bom in die kattebak van die motor was, het die polisie die een voorruit van die motor gebreek en van binne die kattebak bereik. Daar het die hond 'n aktetas uitgewys as die draer van slegte nuus. Die tas is toe baie vinnig verwyder, by die dam op 'n oop stuk grond geplaas en met afstandbeheer uitmekaargeskiet.

En toe trek die arme onskuldige eienaar van die "gevaarmotor" se toebroodjies en gekookte eiers die lug in! Die hond se aptyt was klaarblyklik sterker as sy speursin.
Ek het die middag na die polisiestasie gegaan om te verneem of daar verdere verwikkelinge was. Die sersant lig my toe in dat die eienaar self vir die skade aan sy motor, kostrommel en middagmaal verantwoordelik was. Nie die skool of die polisie kon vir die skade gedagvaar word nie. Die sersant het wel genoem dat hy graag sou wou weet watter verduideliking die meneer vir sy vrou sou hê, want skynbaar was hy oorkant die dam voor die skool by sy "skelmpie" ...

Die matrieks van daardie jaar en hul ouers kan darem daarop aanspraak maak dat hulle sekerlik die mees dramatiese skooldag nog gehad het.